

HOOFSTUK IV

POLEMIEK OOR GELYKE TAALREGTE

Tydens die onderhandelinge oor unifikasie was die taalvraagstuk een van die neteligstes. Die O.R.K. was alleen bereid om vereniging te aanvaar as volkome taalgelykheid in die Grondwet gewaarborg word. In die trein op reis na Durban om die Nasionale Konvensie by te woon, het genl. Hertzog in dié voeë 'n artikel geformuleer, en is in sy pleidooi ten gunste daarvan op so 'n oortuigende wyse gesteun deur pres. Steyn dat sir Jameson eindelik ook tot dié sienswyse bekeer raak en andere bekeer, want hy sien in, sê hy, dat as die Hollandssprekende homself as 'n vennoot in „die besigheid van die Unie” wil gereken sien, en nie as 'n blote klerkie nie, dan moet sy taal in sy vaderland ook geëerbiedig en erken word. Met enige wysiginge soos voorgestel deur sir George Farrar is artikel 137 van die Unie-Grondwet aangeneem en ingelyf as 'n spesiaal-beskermende bepaling. Hierin word vasgelê dat Hollands naas Engels amptelik gelykwaardig in alle opsigte sal gebesig word. So word die voortbestaan van Hollands in Suid-Afrika grond-

wettelik verseker, 'n gebeurtenis van die aller-grootste belang vir die rus en vrede van die land.*

Hiermee is die taalstryd egter nog nie beëindig nie, want die volk en regering moes die wet prakties uitvoer. Dr. H. J. Kiewiet de Jonge, algemene voorsitter van die A.N.V., het reeds tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1909 verklaar dat, indien die konstitusie tot stand kom en beide tale van die volk gelyke regte kry, „bestaat er gevaar dat dit verkrygen beskouwd word as een zo grote overwinning dat men de strijd als ge-eindigd beskouwd. Indien dat het geval is, zouden die gelyke regten een ramp zijn.”

In verband met die onderwyswet van genl. Hertzog, skryf J. J. Ross van Witzieshoek (5 Mei 1910) dat hy met veel belangstelling die debatte in die Parlement gevolg het, maar wat hom vreemd voorgekom het, was dat genl. Hertzog byna alleen gestaan het in die verdediging van die wet, en die weerlegging van die argumente daarteen. Dit kan van die lede van die Opposisie nie gesê word nie, want hulle het mekaar moedig gehelp en ondersteun.

Die wet van genl. Hertzog, sê mnr. Ross, is goed vir Suid-Afrika, want dit is 'n tweetalige land. Die twee blanke rasse kan mekaar alleen

*Kyk G. S. Nienaber: *Die Afrikaanse Beweging*, bl. 150—151.

verstaan as hulle mekaar se tale ken, en as hulle mekaar se tradisies respekteer. In die Grondwet is vasgelê gelyke regte vir Hollands en gelyke regte kan tog seker ook beteken die reg om Hollands as medium van onderwys te gebruik. Die eerste beginsel van die pedagogiek word in die wet neergelê, nl. dat elke kind sy eerste kennis deur middel van sy moedertaal sal ontvang tot standerd IV. Daarna sal beide tale verpligtend wees. „Ik moet eerlik zeggen, ik kan niet begrijpen waar de onbillikheid inkomt, waarover zoveel lawaai wordt gemaakt! Daar wordt zoveel gesproken van de samenwerking van de twee rassen. De rassenkwestie wordt, helaas, een taalkwestie.”

In 'n toespraak op Potchefstroom (*V.d.V.* 29 Aug. 1911) het genl. Hertzog gesê dat die Afrikaanssprekendes hom en ander ministers blameer omdat daar nie orals tweetalige amptenare in die siviele diens is nie. Dit is egter die Afrikaners se eie skuld, want hulle swyg en eis nie gelyke regte nie. „Laten wij tonen dat het ons ernst is met onze taal en dat wij onze taalrechten gehandhaaf willen hebben, en dan zullen wij dit ook wel spoedig verkrijgen.” Die Engelse maak groot lawaai as hulle meen dat hulle veronreg word, en dit moet die Afrikaanssprekendes ook doen. Taalgelykheid is daar gestel nie vir die plesier van sommige mense nie, maar tot gerief van almal.

„Protestant” van Bethlehem (V.d.V., 2 Sept. 1912) is baie pessimisties oor die gelyke taalregte, want wanneer sal die dag tog aanbreek dat die twee landstale werklik op gelyke voet sal staan? Dié dag sal wel nooit aanbreek as die Afrikaners nie leer om te waardeer wat aan hulle gegee is nie. „Elke Afrikaner weet het so goed als ik dat wij gerechtigd zijn onze eigene moedertaal te spreken op elke publieke plek en met elke goevernementsambtenaar en toch zijn er zulke dwaze Hollandse Afrikaners die Engels praten met goevernementsambtenaren, b.v. op postkantoren, op staties, op treinen en ook in gerechtshoven. Maar neen de meesten van ons zullen maar voortgaan om die mensen in hun kwaad te sterken en dan over een paar jaar zal onze dierbare taal als een vreemdeling worden beschouwd in haar eigen vaderland.” Dan spoor hy die Afrikaners aan om te ontwaak en hulle regte te gebruik. Hy dink baie Afrikaners is „stapelgek” met die teorie dat hulle kinders net Engels moet leer, want Hollands sou dan van self kom, en Afrikaans is ’n Hotnotstaal. Hulle kinders raak vergif en skaam hulle oor hulle afkoms. Ontwaak Afrikaners, want anders gaan julle verlore, „komt zeg my:

„Ik min mijn land, ik min mijn volk,

Ik min mijn eigen moedertaal!

Zij blijven dierbaar aan mijn hart,

Waar ook mijn voet mag dwaal!”

Op 'n eetmaal deur die A.N.V. op Johannesburg aangebied (V.d.V., 22 Aug. 1912) het genl. Hertzog weer op die belangrikheid van die taalkwessie gehamer. Op skerpe toon het hy verwys na die bespreking in die *Eastern Province Herald* na aanleiding van die taalkwessie, en wou die Bybelteks toepas op negentig persent van die redakteurs, wat daaroor skryf: „Zalig zijn de onwetendes.” Die agitatie is aan die gang gesit deur die nuusblaaie en die amptenare, maar dit was onredelik. Die Afrikaanssprekendes aan die ander kant swyg en laat niks van hulle hoor nie, terwyl Hollands absoluut op gelyke voet met Engels kan staan.

A. C. Smit van Goede Hoop, Heilbron beskuldig genl. Smuts (V.d.V., 16 Junie 1913). ronduit dat hy in sy departement geen rekening hou met artikel 137 van die Grondwet, maar dit kragteloos maak. Sy stelling bewys hy met vers en kapittel deur die name te noem van eentalige aanstellings in die staande mag. In Johannesburg en Auckland-park bestaan die hele personeel uit Engelssprekendes, terwyl niemand Hollands ken nie. Op Tempe is daar vyf vaste instrukteurs wat ook geen Hollands ken nie. „Waarom bestaan daar een art. 137 en waarom word ons altijd een honing kwast om de mond gesmeerd vanaf de platforms, zoals Genl. Smuts ook deed, door te zeggen dat voortaan geen persoon meer aangesteld zal worden in een goevernements betrekking tenzij hij beide talen

kent?" Nou spoor mnr. Smit die Afrikaners aan om nie stil te sit nie, maar om hulle regte te eis.

Volgens die *V.d.V.* van 30 Oktober 1916 was dit in daardie jaar selfs nog nie al te rooskleurig gesteld met die gelyke taalregte nie. Die siviele amptenare is nog nie almal gewillig of in staat om die publiek in Hollands te bedien wanneer dit verlang word nie. „Ons wil,” sê die *V.d.V.*, „nie ons taal in wese hou bloot als 'n weeldeartikel of 'n speeldingetjie om mee te rol gedurende ons ure of oomblikke van ontspanning nie, maar wel als 'n ge-eerde en algemeen nuttige instelling in die land.” Daarom moet alle goewernementsamptenare tweetalig wees — die ideale toestand wat ons nog nie bereik het nie. Ook is die opskrifte op deure en uithangborde nie altyd in albei tale nie, soos bv. in die goewernementsgeboue waar ons slegs 'n „Public Prosecutor” en 'n „Revenue Office” vind. „Die tweetaligheid in ons land is nie enkel 'n saak van sentiment nie, maar ook van praktiese nut en noodsaakelikeid. En wat die sentimentele kant betref, dien dadelik geseg dat ons sentiment net soveel reg van bestaan en konsiderasie het als dié van die ander deel van die bevolking.”